WAT IS ALKOHOL?

Alkohol is ’n depressant. Dit is die mees algemene bekombare dwelm, en bevat 3 belangrike dele: suurstof, koolstof, en waterstof. Jy kry dit in verskillende vorms: sider, bier, sterk drank, wyn en natuurlik in die nuutste “alcopops” en ontwerpeus drankies.

WAT IS DIE GEESTELIKE GEVOLGE?

’n Depressant, soos die naam aandui, is ’n middel wat die Sentrale Senu-Stelsel affekteer. Dit beinvloed die brein deurdat die sentrale bo-brein verdoof word. Alkohol veroorsaak inkrimping van die brein en dan uiteindelik lei tot die verhindering van senu-impulse van sel tot sel. Abnormale funksionering ontstaan; byvoorbeeld jy raak onvas op jou voete, spraak is slordig en reaksie vertraag. Dit is die effek wat alkohol op die brein het.

AFFEKTEER DIT MY LIGGAAM?

Sonder twyfel! Jou senu-stelsel, lewer, niere, hart en pankreas word aangetas. Bewende hande, babbalas, aptytverlies, konsentrasie afname, lomerigheid, opvlieende gedrag, hoë bloeddruk, “blackouts”, maagswere, alkohol-vergiftiging, afname in seksuele gedrag is sommige nagevolge van alkohol.

HOEKOM IS DIT DAN SO POPULÊR?

Aggressiewe bemarking, het voordeel getrek uit die verlaging van standaarde en moraliteit, en ’n drink-kultuur het ontwikkel. In feitlik alle kringe, sal die alkohol produsente jou vertel jy moet drink sodat jy ’n sukses kan word. Inderdaad – meer en meer mense raak daagliks aan hierdie euwel verslaaf!

IS MATIGHEID DIE ANTWOORD?

Vir sekere mense “Ja”! Maar as jy – as ’n matige drinker – alkohol aan iemand anders voorstel, kan daardie persoon ’n chroniese alkoholis word; wat tot gesondheids- sosiale-, wetlike- en ander probleme kan lei. Vandat jy jou eerste drankie geniet, voel jy dalk lus vir nog een, en nog – dan volg die onvermoë om op te hou! Onthou, selfs matige vlakke van inname kan tot erge probleme lei!

DIE AFWAARTSE SPIRAAL VAN ALKOHOLISME

<u>Onbewuste Alkoholis:</u>
Mense wat drink maar geen verslaafdheid toon nie.

<u>Beheerde Alkoholis:</u>
Mense wat ’n daaglikse drankie neem, maar hul inname beheer.

<u>Kompulsiewe Alkoholis:</u>
Die mense kan net nie ophou drink nie.

Simptomatiese Alkoholis:
Mense wat ly aan psigiatiese kwale (depressie, skitsofrenie)

Die Neurotiese Alkoholis:
Dié gebruik drank om van emosionele en drukspanning te ontvlug.

Beurtelinge Alkoholis:
Nadat die gewoonte gestop het, kry hulle 'n gier vir nog 'n beurt/rondte.

En dan is daar natuurlik die sosiale stigma daaraan verbonde. Verskeie mense wat hoog-geëerd was in hul gemeenskap, het al hul werk verloor te wyte aan verskillende nagevolge van alkohol. Dit het 'n aaklige effek op die gesin, onvermoë om 'n sinryke rol te speel, die geweldige en vernederende-effek wat dit het op die alkoholis. En dan, as jy genees is, is dit net gedeeltelik, want net een doppie laat jou weer teruggly tot waar jy voorheen was – 'n suiwer dronklap!

Moenie 'n park-bankie suiplap wees nie!

Alcohol and Drug Concerns-Cape
Non–Profit Organisation
Registration No: 000–618
16 Drogheda Road, Golflinks Estate,
Wynberg, 7800
Tel: 021 797 0583 Fax: 021 762 4235
Email: adccape@telkomsa.net

Alcohol and Drug Concerns-Transvaal
Non-Profit Organisation
Registration No: 009-780
5 Hammond Road, West Turffontein
Johannesburg
Tel: 011 433 2372 Fax: 011 433 2760
Email: charlene@alcoholanddrugconcerns.org.za

DIE VLOEK VAN ALKOHOL

Uitgereik as 'n hulpbron om 'n meer gesonde dwelmvrye lewe te geniet teenoor dit van 'n dwelmslaaf.